# Die Ligdraer

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Welkom

**13 Augustus 2023**

## Ons missie:

Die Gereformeerde Kerk Welkom verheerlik God as ’n biddende gemeente wat:

- dissipels is;
- dissipels maak;
- vashou aan die suiwer leer;
- ons gawes gebruik;
- lidmate toerus; en
- God se liefde en genade uitdra.

## VANOGGEND SE EREDIENS



**Stilte**
**Votum**
**Groetseën**
**Lofprysing en aanbidding:** Psalm 146-1:1,2,3,4
**Geloofsbelydenis:** Twaalf Artikels
**Die Wet van die HERE**
**Gebed**
**Skriflesing:** Handelinge 1:1-11
**Sing:** Psalm 89-1:6
**Fokus:** Handelinge 1:4,8
**Preek:**



**Tema:**
*Jesus se dissipels (ons) word eers bemagtig.*

**Sing:** Skrifberyming 15-1:2,4
**Gebed**
**Diens van barmhartigheid**
**Sing:** Skrifberyming 14-3:1,4
**Wegstuurseën**
**Amen:** Skrifberyming 13-3



**Afkondigings**

**KOLLEKTES:**
Onder die erediens: Diens van barmhartigheid.
By die deure: Teologiese Studentekas.

**DIENSBEURT:**
Vandag: Wyk 9
20 Augustus: Wyk 10
27 Augustus: Wyk 1



**TEE/KOFFIE VOOR EN NA DIE EREDIENS:**
Daar is tee, koffie en koeldrank voor en na die erediens in die groot saal beskikbaar. Alles word daar reggesit en dan kan lidmate hulleself help.



**KATKISASIE:**
Tydens die erediens (net na die Skriflesing en voor die preek) is daar katkisasie vir die voorskoolse kinders. Graad 1-10 se katkisasie is na die erediens. Graad 11 (Belydenisklas) se katkisasie is om 16:00).

**BYBELSTUDIE:**
Vanmiddag om 17:00 by die kerkgebou. Ons gaan vandag voort met die reeks oor die boek Handelinge. Almal is hartlik welkom om dit by te woon of elektronies deur middel van Google Meet in te skakel.
Die skakel daarvoor is: https://meet.google.com/zrz-xpvu-rga

**BREË KERKRAAD VERGADERING:**
Die Breë Kerkraad vergader Maandag 14 Augustus om 18:30 by die kerkgebou.

**VISITASIE:**
Ons gemeente ontvang Maandag 14 Augustus visitasie. Visitasie is waar twee predikante van die klassis die gemeente besoek om te hoor hoe dit in die gemeente gaan. Dit is ’n manier hoe die kerke in die klassis na mekaar omsien. Die twee predikante (visitatore) ontmoet die kerkraad tydens die Breë Kerkraad vergadering Maandag om 18:30. Indien enige lidmaat graag die visitatore wil ontmoet, stuur ’n whatsapp na ds. Jannie (083 995 0380).

**OUDERLINGE VERGADERING:**
Die ouderlinge se verslag vergadering vind Maandag 14 Augustus net na die Breë Kerkraad vergadering plaas.

**DIAKONIE VERGADERING:**
Die diakens se vergadering vind ook Maandag 14 Augustus net na die Breë Kerkraad vergadering plaas.

**VOLGENDE SONDAG NAGMAAL:**
Ons vier DV volgende Sondag (20 Augustus) nagmaal.

**GEMEENTE ETE SONDAG 20 AUGUSTUS:**
Ons het Sondag 20 Augustus (met nagmaal) 'n gemeente-ete om 12;30. Wyk 8, Wyk 9 en Wyk 10 is verantwoordelik. Kostes is R50 per persoon, R30 vir

kinders bo 12 en kleuters en peuters is verniet. Elke gesin moet 'n warm gereg asook eetgerei, borde, glase en drinkgoed bring. Nagereg bakkies en lepels word voorsien. Getalle moet vandag bevestig word.

**LIEF EN LEED:**

- Sr. Rensche Rademan (haar dogter, Estie, se nr.: 083 544 6270) is steeds in Welkom Medi-Clinic, mediese saal, bed 26. Ons vra voorbidding vir haar vir beterskap.
- Ons vra voorbidding vir ander lidmate wat ernstig siek is of in die hospitaal is of beproewings beleef waarvan ons nie weet nie.



# Ek Verjaar!



Die volgende lidmate verjaar tot 19 Augustus 2023**:**

| | | |
|---|---|---|
| 13 Augustus | Steven van Zyl | 067 136 6476 |
| 17 Augustus | Joe Burger | 083 235 8617 |
| 19 Augustus | JP Labuschagne | 071 682 4537 |

**BAIE GELUK** en seënwense vir die nuwe jaar.

# Die Bybel

**1 Die eerste berig, Teofilus, het ek geskryf oor alles wat Jesus begin doen**
**en waaroor Hy onderrig gegee het, 2 tot die dag dat Hy opgeneem is, nadat**
**Hy deur die Heilige Gees opdragte gegee het aan die apostels wat Hy**
**uitgekies het. 3 Aan hulle het Hy, ná sy lyding, deur talle tekens getoon dat**
**Hy leef, toe Hy oor 'n tydperk van veertig dae aan hulle verskyn en met**
**hulle oor die sake van die koninkryk van God gepraat het.**
**4 Terwyl Hy met hulle saamgeëet het, het Hy hulle beveel: “Moenie uit**
**Jerusalem weggaan nie, maar bly wag op die Vader se belofte wat julle van**
**My gehoor het. 5 Want Johannes het wel met water gedoop, maar oor nie**
**baie dae nie sal julle met die Heilige Gees gedoop word.”**
**6 Toe hulle bymekaar was, het hulle Hom gevra: “Here, gaan U in hierdie**
**tyd die koninkryk vir Israel weer oprig?” 7 Maar Hy het hulle geantwoord:**
**“Dit is nie vir julle om die tye en spesifieke geleenthede te ken wat die**
**Vader in sy eie mag bepaal het nie. 8 Maar julle sal krag ontvang wanneer**
**die Heilige Gees oor julle kom, en julle moet my getuies wees in**
**Jerusalem, in die hele Judea en Samaria, en tot aan die einde van die**
**aarde.” 9 Toe Hy dit gesê het, is Hy opgeneem terwyl hulle toekyk, en 'n**
**wolk het Hom uit hulle gesigsveld weggeneem. 10 Terwyl hulle, soos Hy**
**weggaan, stip na die hemel bly kyk, staan daar meteens twee mans in wit**
**klere by hulle 11 en vra: “Galileërs, waarom staan en staar julle na die**
**hemel? Hierdie Jesus, wat van julle na die hemel weggeneem is, sal net so**
**terugkom soos wat julle Hom na die hemel sien weggaan het.**

***~ Handelinge 1:1-11 ~***

**VIR INBETALINGS IN ONS GEMEENTE SE REKENING:**

**WELKOM**
**ABSA BANK**
**TAK KODE: 630135**
**REK NO: 1340340090**
**TIPE REK: TJEKREKENING**



**ONTHOU OM JOU NAAM BY TE SIT INDIEN ELEKTRONIES OOR BETAAL**

**Kontaknommers en besonderhede:**
Predikant: Ds JL van der Schyff (083 995 0380) dominee@gkwelkom.co.za
Skriba: Marthie van der Schyff (072 336 4266) skriba@gkwelkom.co.za
Attes Skriba: Frank Korb (076 312 7581) attesskriba@gkwelkom.co.za
Koster: Flip Kotze (083 388 0249) koster@gkwelkom.co.za
Kassier: Marthie Kotze (083 388 0251) kassier@gkwelkom.co.za
Orrelis: Hansie Jordaan (083 407 5796) orrelis@gkwelkom.co.za
Admin beampte: Casper du Plessis (057 353 1447/060 366 0166)
Diakonie: Marthie van der Schyff (072 336 4266) diakonie@gkwelkom.co.za
Kantoor: 057 352 5280 (Vrydag 08:00 - 13:00) admin@gkwelkom.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/GKWelkom/
**Webbladsy:** www.gkwelkom.co.za

**DIAKONIE**
**EERSTE NASIONALE BANK**
**TAKKODE: 250655**
**REKENINGNOMMER: 62808348074**



# Net 'n Gedagte

***Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om My ontwil verloor, sal dit vind.*** ~Matteus 16:25 ~

***Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.*** ~Matteus 28:19 ~

GEREFORMEERDE KERKE
IN SUID-AFRIKA